

Soldate diens

Efesiërs 6:14-20

Inleiding

- Ons almal spandeer baie tyd en moeite om elke oggend seker te maak
 - ons is reg aangetrek,
 - ons klere pas bymekaar
 - en dat dit geskik is vir wat daardie dag gedoen moet word...
- Maar, as jy 'n dissipel v Jesus is
 - is dit wat jy daardie dag gaan doen...
 - werk, skool, vergadering, sport,
 - eintlik net 'n dekmantel vir jou regte werk...
 - om te doen wat Jesus daardie dag deur jou wil doen...
 - en om reg aangetrek te wees dáárvor,
 - is vir meeste Christene nie deel van hulle oggend checklist nie.
- Amper soos superman
 - onder sy klere is sy regte uitrusting vir sy regte werk,
 - so het Christene onder hulle klere ook hulle regte uitrusting nodig vir hulle regte dienswerk.
- Romeine 13:14 se in die ou vertaling: "...beklee julle met die Here, Jesus Christus...".
- Maar hoe trek jy Jesus aan?
 - laprok en sandale?

- Een van die bekende beelde oor klere wat ons moet aantrek in die Bybel is die wapenrusting.
- Paulus gebruik dié beeld aan die einde van sy brief aan Christene in Efese
 - as 'n tipe opsomming om eintlik vir mense te help verstaan
 - hoe alles wat Jesus is en gedoen het
 - beteken dat hulle op 'n manier nou soldate-diens doen in sy weermag.
 - Ons het verlede week gekyk na onself as kelners in ons dienswerk
 - Vandag kyk ons na onself as soldate in ons dienswerk.
- Jesus het als klaar gedoen aan die kruis,
 - Om vir ons als te gee vir elke dag se eintlike werk
 - Maar ek dink ons uitdaging lê op twee vlakke
 - om só oor onself te dink.
 - En om die wapens wat Hy gee te leer gebruik.
- Besef jy dat waar jy ook al elke oggend heen gaan
 - As jy sê jy is 'n Christen is dit in God se oë jou pos.
 - Jou stasie.
 - Die strategiese plek waar hy jou geplant het.
 - Én, dat daar aanvalle op daardie pos is – op jou.
 - Strategiese goeters wat jou wil neutraliseer
- Baie van ons dink nie so oor onself nie
 - Dan het die vyand jou dalk al klaar beetgekry?!

- Want baie van ons is nie meer staande op ons pos nie.
- Ander besef dalk daar is iets aan die gang,
 - Maar weet nie presies wat nie
 - Hulle 'moan' net elke dag daaroor as hulle by die huis kom
 - maar weet nie hoe om met die rykdom van Christus se werk staande te bly nie.
- Kom ons kyk na hierdie wapenrusting om
 - Beter te verstaan van ons pos
 - En hoe om daar soldate-diens te doen.

Wapenrusting:

- Die wapenrusting wat hier beskryf word is wat die vroeë kerk daardie tyd geken het.
 - Die Romeinse wapenrusting.
 - Min of meer soos die soldate in die Asterix en Obelix boeke.
 - Jy kan sommer so prentjie ook maklik gebruik om vir jou kinders te verduidelik hoe die Here ons bewapen.
- Elke keer word 'n ander deel van die wapenrusting bespreek.
 - En ons leer hier dat die verskillende dinge wat Jesus vir ons gegee het
 - 'n baie belangrike rol speel in ons daaglikse soldate-diens.
- Hoe beter hulle in plek is,

- hoe beter gaan jy kan staan teen die duiwel en Jesus kan volg.
- Ons leer hier van
 - die belt, borsharnas, sandale, skild, helm en die swaard.



Belt - Waarheid

- Die belt van 'n soldaat het alles bymekaar gehou.
 - Sy uitrusting, sy wapens en water was op dié manier naby en in plek.
 - Dit het die lewensbelangrike goed vas en gereed gehou.
 - Sonder sy belt sou al uitmekaar val.
 - Dink net aan die grappie wat mens soms sien waar iemand se belt met 'n swaard afgesny word,
 - En dan val al op die grond.
- Jou belt is Jesus se 'waarheid'.
 - Waarheid hou al in jou lewe bymekaar en verseker dat jy gereed sal wees as jy moet veg.
 - Dit gaan oor eerlikheid, oopheid en opregtheid oor wie jy is
 - en nie is nie,
 - al maak dit soms seer.
 - Maar as jy jou lewe bou met storietjies, verskoninkies, wegsteek en valse indrukke is jy jou belt kwyt.
 - Dan gaan dinge begin uitrafel, en op die grond begin val ...en jy maklike prooi word vir Satan.
- Daarom kan jy nie bekostig

- om met minder tevrede te wees as 100% waarheid oor situasies, verhoudings en besluite nie.
 - Nie die waarheid soos jy dit sien nie, maar die waarheid soos dit is.
- Jesus het ons juis geleer, dit is die waarheid wat 'n mens werklik vrymaak (Joh 8:31).

Borsharnas - Vryspraak

- Die borsharnas was van staal of leer en het al die belangrike organe beskerm.
 - Dit het groot vrymoedigheid vir die vegter gegee.
 - Met 'n borsharnas aan kon hy sy arms optel en rondswaai met die swaard en skild sonder om te veel oor sy lyf te bekommer.
 - Hy sou beskermd wees as daar 'n hou deurgekom het.
- Jou Borsharnas is Jesus Christus wat gesê het: jy is klaar vry.
 - Om dit te vertrou beskerm jou sodat jy braaf vorentoe kan stry.
 - Jy kan maar vorentoe druk en veg terwyl jy seker is die Here se vryspraak is daar wanneer jy foute maak en 'n paar houe kom deur.
 - Maar as jy nie in die oggend 'Vryspraak' aantrek nie,
 - gaan jy so bang wees om foute te maak,
 - dat jy uiteindelik niks gaan kan doen nie
 - jou Christenskap is dan nie Christenskap nie
 - die 'n gerondploeters in vreesagtigheid.
 - Kragteloos in jou onsekerheid.
 - Maar dis twak
 - Jesus se 100% vryspraak is jou beskerming

Sandale - Bereidheid en Vrede

- Die sandale wat die soldate gedra het was amper soos rugby toks met yster knoppe onder sodat hulle lekker kon vastrap.
 - Die skoene het hulle konsentrasie op die geveg verbeter en gemaak dat hulle nie oor vastrap hoef te bekommer nie.
 - Dit het hulle 'n tipe vrede gegee oor die terrein waarop hulle moes gaan veg.
 - Dorings of glad – hulle was reg.
- Jou sandale is die evangelie van vrede.
 - Die goeie nuus van vrede tussen jou en God deur Jesus Christus,
- Dorings of glad,
 - as jy eers jou vrede in Jesus het,
 - is jou vrede mos dan nie in waar jy nou in jou lewe is...of nie is nie
 - waar jy moet gaan of nie gaan nie
 - of oor hoe mense reageer, of nie reageer nie
 - As jy met vrede wil rondloop deur die dag,
 - staan vas in die vrede wat jy kry in die evangelie – nie in jou situasie nie.

Skild - Geloof

- Die skild waarvan hier gepraat word was vierkantig en redelik groot.

- Dit was weereens soos daardie wat in die 'Asterix' boeke te sien is.
- As jy net 'n bietjie hurk kon jy jousef heeltemal agter die skild wegsteek.
- Dit was die eerste en beste manier om jousef te verdedig teen enige wapen.
- Geloof is die skild waaragter jy kan wegkruip.
 - Dit gaan hier oor jou geloofsvertroue elke dag in God se beloftes
 - wat sê dat Hy vir jou sal sorg en jou sal beskerm.
 - En as die duiwel jou kom skiet met sy pyle van twyfel,
 - keer jy daardie gedagtes met vertroue in Jesus se beloftes.
 - en hoe meer jy agterkom dat sy beloftes regtig werk nadat jy dit getoets het,
 - hoe beter gaan jy die skild van geloof kan gebruik.

Helm - Verlossing

- Die helm van die soldate moes hulle koppe en gesigte beskerm.
 - 'n Harde hou teen die kop kan 'n soldaat 'n ruk deurmekaar los.
 - Of 'n hou of sny in sy gesig kan weer maak dat jy nie meer kan sien nie, en is net so sleg.
 - Al makeer die res van die soldaat niks – as sy kop skade het, is dit so goed soos verby!
- Die helm wat jou kop beskerm is verlossing – en ook vir dieselfde rede.
 - Dit is waar alles begin en waarvan alles afhang.

- As jy reg dink oor hoe God jou verlos het,
 - gaan jy goed kan veg en die res van jou wapenrusting kan verstaan en gebruik.
- As jy verstaan hoe dood jy eintlik is sonder God
 - en hoe ontsettend groot Hy en sy genade is om jou nog steeds lief te hê
 - ...verander dit jou hele manier van veg.
- Dan veg jy as iemand wat weet:
 - God kon my sonder wapenrusting vir die duiwel los om op te kap, ...maar Hy het nie.
 - Hy het als gedoen wat nodig is om my lewe te gee, elke dag en vir ewig.

Swaard - Woord

- Na die pylle en boë hulle werk op 'n afstand gedoen het,
 - na die perde ruiters met hulle spiese gewerk het
 - en na die rye van die vyand gebreek is
 - het die soldate gesig aan gesig gekom met hulle vyand.
 - Dan is die kort-swaard uitgehaal en in die hitte van die oorlog gebruik.
 - Dit was 'n stewige en betroubare wapen
 - wat beter gewerk het hoe meer jy daarmee geoefen was.
- Terwyl die res van die wapenrusting daar is om jouself mee te beskerm
 - is die swaard al wat jy het om mee aan te val.

- En jou wapen word juis as 'n kort-swaard beskryf
 - want die geveg is nie ver op 'n afstand nie,
 - jy is in die hitte van die stryd en moet geoefen daarmee wees.
- Maar dit is nie ons eie swaard nie.
 - Dit word die swaard van die Gees genoem,
 - Sy woorde in die Bybel. Hiervan sê Heb 4:12,13 sê: *¹²Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.*
- Nie eers ons eie idees of planne kan die vyand laat terugval nie.
 - Die Bybelse waarheid kan.
 - En die skerppunt van die Bybelswaard is nie veroordeling nie.
 - Die skerppunt wat in mense se harde harte of deur hulle skedels kan ingaan en hulle verander
 - is die liefde en genade van Jesus Christus
 - wat verdwaalde en dooie mense weer lewe gee.

Gebed

- Daar is nog een ding wat nie deel van die wapenrusting is nie
 - maar ewe nodig is in jou stryd: Gesprek met God.
- Waar pas gebed in die prentjie in?
 - Orals.

- Gebed is eintlik die onmisbare manier waarop jy die res van jou wapenrusting gebruik.
- Vers 18 sê: *¹⁸Doen dit alles biddend en smeeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.*
- Ons hoor hier dadelik woorde soos 'alles', 'elke geleentheid' en 'gedurig'.
 - Om te bid en met die Here te praat is nie maar 'n deeltjie van jou stryd wat jy in die oggend doen en dan klaar vir die dag is nie.
 - Soos wat jy deur jou dag die verskillende dele van jou wapenrusting gebruik moet jy in gesprek met die Here wees.
- Dis om elke dag met die Here te praat en te worstel oor
 - waarheid en leuens in jou lewe,
 - oor jou vryspraak,
 - oor jou vrede,
 - oor jou geloof,
 - oor jou verlossing
 - en oor sy Woord
 - is juis die manier van doen.

Slot

- As jy volgende keer wonder wat jy moet aantrek voor jy by die deur uitstap, ...
 - weet jy het eintlik 'n ander werk soos superman,
 - en trek ook als aan wat jy daarvoor nodig het: Jesus.

- Hy het als klaar gedoen,
 - en as jy jousself met Hom aantrek
 - sal jy staande kan bly in jou soldate diens op jou pos.

 - Soek altyd die waarheid in elke situasie,
 - laat sy vryspraak jou braaf maak as jy bang voel,
 - laat die evangelie jou vrede wees as jy sonder rus voel,
 - gebruik geloof in sy beloftes om jou te beskerm,
 - onthou jou verlossing om reg te bly dink oor Hom en jouself
 - en swaai die swaard van liefde om te wen.
-
- En bid aanhoudend
-
- As dissipel is jy geroep vir soldate-diens
 - Trek die volle wapenrusting aan
 - Sodat jy op jou pos kan bly staan

Amen

Griffel van Wyk
2 Augustus 2015
Trinitas